

Morgan, Sarah and Boyce-Tillman, June (2016).
A River Rather Than a Road. The Community Choir as Spiritual Experience.
 Bern: Peter Lang. Series Music and Spirituality.
 Series editor: June Boyce-Tillman.

ISBN 978-3-0343-2265-2 (print),
 ISBN 978-1-78707-033-2 (mobi),
 ISBN 978-1-78707-032-5 (ePub),
 ISBN 978-3-0353-0844-0 (PDF)


A River Rather Than a Road. The Community Choir as Spiritual Experience is die tweede boek in 'n reeks van vier boeke. Hierdie reeks handel oor musiek en spiritualiteit en word deur Peter Lang uitgegee, met June Boyce-Tillman as redigeerder.

A River Rather Than a Road is die verhaal van gemeenskapskore in Engeland, die musiek wat hulle sing en die dirigente en organiseerders wat saam met hulle werk. Hoofstukke 2, 3 en 4 in hierdie boek is geskryf deur Sarah Morgan, wat dit voorberei het vir 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Winchester. Sy is oorlede voordat sy die doktorsgraad kon voltooi en die graad is postuum aan haar toegeken. June Boyce-Tillman, wat haar studieleier was, het besluit om Hoofstuk 1 en 5 vir hierdie publikasie by te werk.

Die titel van die boek, *A River Rather Than a Road*, is 'n metafoor wat Sarah Morgan gebruik het om aan te dui dat daar nog nie veel in Engeland oor die tradisie van gemeenskapskore geskryf is nie. Wat wel deeglik beskryf is, is die meer formele Westerse klassieke koortradisie – ook 'n sterk Engelse tradisie. Vir laasgenoemde gebruik Morgan die metafoor van 'n pad met duidelike paaanwysings, terwyl die gemeenskapskore volgens haar minder bakens het ... “[t]he road signs are not clear and the edges are fuzzy and muddled” (p. 4).

Die kerkkoor word in hierdie boek as 'n tipe gemeenskapskore beskryf. Deur die loop van die boek word verhaale vertel oor en deur koorsangers se ervaringe wat humoristies is, maar wat ook die waarde van koorsang uitwys. Koorsang is vir Engelse gemeenskappe so belangrik dat daar aktiewe netwerke ontstaan het tussen verskillende universiteite en gemeenskapsorganisasies om dit te bevorder. “The Centre for the Arts as Wellbeing”, met koorsang as een van hul vernaamste uitsette, is gestig sodat samewerking met individue en groepe mense, hospitale en welsynsorganisasies bestuur kan word.

Een so 'n geleentheid is Space for Peace, wat plaasvind in Winchester Katedraal, en waartydens gemeenskapskore en die Universiteit van Winchester saamwerk om godsdiensgroepe of persone met



uiteenlopende geloofsvoorkeure of verskillende spiritualiteite te akkommodeer. Tydens 'n Space for Peace geleentheid kan daar gemeenskapskore, kore van kerk- en staatskole, die universiteit se kore en orkeste, 'n rabbi, 'n imam en 'n sanger van die Hindoe/Sikh tradisie op dieselfde verhoog optree! Die akoestiek van die Katedraal word ook benut om spesiale effekte te gee.

Dus: waar bring sulke ekumeniese samekomste ons uit? Eerstens bevorder dit 'n ideaal van intergodsdienstige en interkulturele broederskap en vrede, wat uiters noodsaaklik in 'n huidige komplekse tydvak is. En verder stimuleer dit ook individue se welstand. Spesifiek het Morgan die teorie van "soul-making" (geesteskepping/geestelike ontwikkeling) 25 jaar lank in haar werk as 'n musiekterapeut ervaar. Sy wys gevolglik uit hoe musiek vier sentrale fasette van die mens se funksionering aanraak, naamlik die verstand ("mind"), die liggaam ("body"), die emosie ("emotion") en die gees ("spirit"). Haar beplande aktiwiteit en middel om hierdie vier fasette optimaal te stimuleer, is deur koorsang. Die repertoire sluit verwerkings van veral volksmusiek in. Die verwerkings moet dan wel van so 'n aard wees dat die koor dit genotvol vind om te sing en ook met gemak kan harmoniseer.

Die aspek van uitvoering versus deelname word deur die loop van die boek uitgelig. Deur saam musiek te maak, vind 'n demusikalisering ("demusicalisation") as 't ware plaas en ontstaan 'n kultuur van informaliteit omgee, en 'n begrip vir die gemeenskap.

Wie behoort opgelei te word om hierdie tipe ervarings te laat gebeur? Morgan het 'n model, "The four facet model", ontwikkel wat in vier kwadrante verdeel is. Die pligte en vaardighede van die dirigent en organiseerder word aan die uitvoering van musiek gekoppel, terwyl die beginsels (etos) sentraal staan. Aan die ander kant is deelname, waar die muse en die katalisator voorkeur moet geniet. Hierdie fasette word deur middel van praktiese voorbeelde toegelig.

Boyce-Tillman sluit die boek af deur daarop te wys dat 'n toenemende belangstelling in spiritualiteit daarop dui dat hierdie faset van menswees verwaarloos is, of nie belangrik genoeg in die Westerse kultuur geag word nie. Sy integreer gevolglik aspekte van spiritualiteit met Morgan se navorsing. Sy haal die volgende definisie van spiritualiteit van Wuthow (1998:vii-viii) aan wat 'n goeie samevatting van haar perspektief bied:

Spirituality consists not only of implicit assumptions about life but also of the things people talk about and the things they do; the stories they construct about their spiritual journeys, the prayers they offer, the inspirational books they read, the time they spend meditating, their participation in retreats and at worship services, the conversations they have about it with their friends, and the energy they spend thinking about it ... But spirituality is not just the creation of individuals; it is shaped by larger social circumstances and by beliefs and values in the wider culture (p. 156).

Hierdie boek bied ook 'n nuttige model, waarvolgens Suid-Afrikaanse gemeenskapskore kan werk en ontwikkel.